Publication: Sake (Rapport Gauteng)
Date: Sunday, April 12, 2020
Page: 13

# Maak só met jou korona-testament

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Ek is regtig bang vir wat kan volg nadat die virus-oorlog gewen is. Veral as ek sien hoe Bheki Cele, minister van polisie, met die korona-maskertjie onder die ken op televisie, hom daarin verlustig om ons te hiet en gebied.

Die regulasies sal toegepas word soos hy sê. Geen dop, geen dampie. Punt.

Basiese menseregte, soos vryheid van beweging, wat eers aan 'n staat verbeurd verklaar is, word nie altyd teruggekry nie.

Kom ons los eers die politiek en gesels oor die onderwerp vandag, jou testament in die tyd van inperking. Die vrees vir die koronasiekte het ook baie mense aan hul verganklikheid herinner en hulle wil hul testamente bywerk. Ander besef skielik dat hulle nie testamente het nie.

Die probleem is net dat hoewel die inperkingsmaatreëls goed bedoel is (en ek ondersteun dit in letter en gees, ondanks Cele se TV-manewales) hou goeie bedoelings soms ook onvoorsiene negatiewe gevolge in. Soos die vryhede wat eers prysgegee word waarvan ek hierbo geskryf het.

Art. 2 van die Wet op Testamente (Wet 7 van 1953) vereis dat 'n testament onderteken moet word in die teenwoordigheid van twee getuies, of jy moet teenoor hulle bevestig dat dit jou handtekening is.

Maar hoe nou gemaak? Die inperking verhoed ons om bymekaar te kom.

Hier is die probleem: 'n Getuie moet 14 jaar of ouer wees. Boonop bepaal art. 4 van die wet dat enigeen wat 'n testament as 'n getuie onderteken, nie uit daardie testament mag erf nie. Waar so 'n getuie 'n intestate erfgenaam sou wees (dit is as daar nie 'n testament was nie), sal sy erfenis beperk wees tot die intestate deel wat hom sou toekom.

> “Intussen, sorg dat jou testament in orde is.

Die enigste oplossing vir die probleem waarmee ek en my kollegas die afgelope week (telefonies!) vorendag kon kom, is dat jy jou testament opstel en onderteken (in oorleg met jou fidusière of finansiële beplanner, of prokureur).

Dan bel jy jou bure en vra hulle moet buite toe kom. Terwyl julle jul afstand handhaaf, druk jy jou testament deur die heining en terwyl julle mekaar kan sien, bevestig jy dis jou handtekening daarop, waarop hulle dan as getuies teken. Kom ons hoop dit reën nie.

Of die staat kan die opstel en ondertekening van testamente as 'n noodsaaklike diens verklaar, sodat jy ander, meer beskaafde, reëlings kan tref.

Jou testeervryheid is immers 'n reg wat ingevolge die Grondwet gewaarborg word, soos bevind deur die appèlhof in die saak BoE Trust NO en andere (2012). Dis onlosmaaklik gekoppel aan die beginsel van menswaardigheid in art. 1 van die Grondwet.

As ek sien met watter bekwame spoed die regulasies gewysig is toe die taxi-organisasies hul rug styf maak, behoort hierdie 'n vulletjie te wees. Selfs komiese katjie-van-die-baan-ministers is tog seker onderhewig aan die Grondwet en appèlhofuitsprake?

Intussen, sorg dat jou testament in orde is, al beteken dit jy moet vriende maak met die bure.

■ **Lees in *Beleef* oor die 15 dokumente wat jy gereed moet hê vir die dag wat jy sterf.**

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.